Nuusbrief 06 / 26 Maart 2026

CHRISTELIK CHRISTIAN | INCLUSIVE INKLUSIEF | TOEGANKLIK APPROACHABLE | BALANCE BALANS

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL PRIMARY EXCELLENTIA

# Uit die Hoof se Kantoor

Beste Ouers

Ons wil jul graag meedeel rakende die verwikkelinge van ons astro. Neem asseblief kennis dat ons na afloop van die vakansie, "Rakker Astro" in gebruik sal neem. Ek glo van hart ons sal die opgewondenheid op die veld tydens die eerste wedstryd beleef. In dieselfde asem bedank ek weereens die *Bondev Trust* vir die realisering van hierdie droom vir ons skool.

Met 'n vinnige terugblik oor die eerste kwartaal kan ons regtig aan ons Hemelse Vader dankie sê. Ons was, en is, ryklik geseënd by die skool. Met die vele uitdagings wat tans in die buiteland aan die gang is, is daar steeds heelwat om voor dankbaar te wees.

Dit is met opregte waardering wat ek elke liewe onderwyser en leerder vir hul volgehoue deursettingsvermoë rondom akademie wil bedank. Te midde van 'n bitterbesige program, glo ek ons het steeds balans tussen akademie, sport, kultuur en plesier gehandhaaf.

Dit gaan goed by die skool. Ons kinders is gelukkig. Dit het my soveel vreugde verskaf om in die gange te stap en die gelukkige, glimlaggende kinders te sien. Elke seun en dogter wat groet - 'n drukkie gee, 'n handdruk of 'n "fist pump", en jou in die oë kyk wanneer hulle dit doen, laat 'n mens sommer oor alles goed voel.

Aan die einde van dié kwartaal sê ek opreg dankie:
Dankie, liewe ouers, vir jul ondersteuning. Dankie dat jul sulke mooi kinders grootmaak.
Dankie, kollegas, vir jul harde werk. Dankie dat jul regtig omgee.
Dankie, liewe kinders, vir julle fantastiese samewerking. Dankie dat jul altyd jul bes gee. Ek eer julle daarvoor.
Dankie, Liewe Here, vir U onbegryplike genade. Dankie dat U met ons in hierdie kwartaal was. Dankie dat U elke dag hier teenwoordig is. Dankie dat U lief is vir ons skool.

Mag ons skool altyd 'n plek van liefde en waardigheid wees.
Mag elke gesin God se Liefde tydens die Paastyd beleef.

Laastens laat ek jul as ouers met die volgende gedagte. **"Neem rus wanneer dit nodig is – dit is nie luiheid nie, maar 'n daad van selfversorging wat jou weer voluit laat lewe."**

Geniet die vakansie!

Groete

**NICO LOGGENBERG**
**SKOOLHOOF**

> **Werk totdat dit tyd is om te rus. Rus dan totdat dit tyd is om te werk.**

Midstream Magazine Feb 2026

# INLIGTING

## DIE SKOOL HEROPEN D.V. OP DINSDAG 14 APRIL 2026

### RAPPORTE

Die rapporte vir graad 1-7 sal op Vrydag 27 Maart om 10:00 op Edana beskikbaar gestel word.

**LAAI DIE EDANA-TOEPASSING AF**

### INTERSENFASE

Gewigte per vak om 'n gemiddeld aan die einde van die kwartaal te bepaal, word as volg bereken:

Huistaal = 20%
Eerste addisionele taal = 15%
Wiskunde = 20%
Wetenskap = 15%
Geskiedenis = 10 %
Aardrykskunde = 10%
Rekenaars = 5%
Robotika & Tegnologie = 5%

### INTERSENFASE

Die gewigte per kwartaal, om 'n gemiddeld aan die einde van die jaar te bepaal, word as volg bereken:

Kwartaal 1 - 20%
Kwartaal 2 - 20%
Kwartaal 3 - 20%
Kwartaal 4 - 40%

### SKOOLUNIFORM - KWARTAAL 2

**Dinsdag 14 April tot Vrydag 24 April:**

- Leerders mag hul someruniform **OF** winteruniform dra.
- Let asseblief daarop dat leerders **OF** 'n volledige someruniform **OF** 'n volledige winteruniform moet dra.
- Winter- en someruniforms mag nie gemeng word nie.

**Maandag 4 Mei tot Vrydag 29 Mei:**

- Op 4 Mei skakel ons amptelik na wintersuniform oor.
- Gedurende hierdie tyd dra leerders slegs die volle winteruniform.

**Maandag 1 Junie tot Vrydag 26 Junie:**

- Leerders mag van Maandag tot Donderdag formele winteruniform of sweetpakke dra.
- Op Vrydae en ander dae wanneer ons saalbyeenkomste of prysuitdelings het, moet leerders hul formele winteruniform en skoolbaadjie dra. **Sweetpakke mag nie op hierdie dae gedra word nie.**

**Kwartaal 3:**

Die amptelike datum waarop ons na someruniform sal oorskakel, sal in die derde kwartaal gekommunikeer word.

## LMRP INLEIDENDE STUDIEKURSUS

Dié kursus vind op Saterdag 18 April plaas en is hoofsaaklik vir nuwe en graad 4-leerders. Volg asb. die onderstaande skakel om u kind in te skryf.

LMRP STUDIEKURSUS

**Capriole-Stalle Vakansie-poniekamp**

| UNIFORMWINKEL VAKANSIE-URE (MAART - APRIL 2026) | |
|---|---|
| Vrydag 27 Maart | **07:00-15:00** |
| Saterdag 28 Maart tot Woensdag 8 April | **GESLUIT** |
| Donderdag 9 April en Vrydag 10 April | **08:00-16:00** |
| Maandag 13 April | **08:00-17:00** |
| Dinsdag 14 April | **07:00-17:00** |
| **Vir dringende navrae 064 937 0551** | |

Baie geluk aan ons Spelling Bee-kampioene van 2026!
Ons was aangenaam verras deur hul spelvermoëns en die selfvertroue wat hulle getoon het deur onbekende woorde te spel.

**Wenners**
Graad 4: Arielle Basson
Graad 5: Philly Mwandira
Graad 6: Eli Modena
Graad 7: Noah Senatla & Adam Bernardo















# BAIE DANKIE!












# RAKKER ATLETIEK-STER

Stap vir stap marsjeer ons die Kaap binne!
Baie geluk aan Hein Parrot met sy uitstekende prestasie by die SA Kampioenskappe wat in die Kaap plaasgevind het. Hein het in 'n uiters mededingende wedloop deelgeneem waar die voorlopers aanhoudend gewissel het. Hy het sy persoonlike beste tyd met 'n indrukwekkende 7:38.21 gestap – gelykstaande aan 1 000 punte op die ASA-tabel.
Welgedaan, Hein! Ons is ongelooflik trots op jou!






**Baie geluk aan Amy & Harper du Plessis, die wenners van ons Opedag-skryfbehoefte pakket.**









## MANDELADAG-UITREIKPROJEK



Ter voorbereiding van ons jaarlikse uitreik-projek, Mandeladag, wat in Julie plaasvind, benodig ons asseblief leë skoenbokse. Meer inligting rakende dié projek sal binnekort deurgegee word.

## MC GRAAD 8-INSKRYWINGS (2027)

Graad 8-inskrywings vir 2027 is vanaf 19 Januarie tot 28 April 2026 oop. Indien u, u kind by Midstream College wil inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen. Besoek die Midstream College-webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn-toelatingsvorm.
https://www.midstreamcollege.co.za/af/toelatings/
Vir enige toelatingsnavrae, kontak **me. Anique van Zyl**. (admissions@midstreamcollege.co.za)

## LMRP GRAAD 1-INSKRYWINGS (2027)

Dit is vir ons aangenaam om u in kennis te stel dat aansoeke vir graad 1 (2027) nou oop is. Ons moedig alle belangstellende ouers aan om hul aansoeke in te dien. Deur betyds aansoek te doen, help u om enige administratiewe prosedures en voorbereidings betyds af te handel, wat die proses vir u en u kind gemakliker maak. Om aansoek te doen, besoek asseblief LMRP TOELATINGS vir gedetailleerde inligting en instruksies om die aanlyn aansoek te voltooi. Vir enige navrae of hulp met die aansoekproses, kontak asseblief vir **Corrie Burger** in die toelatingskantoor by corrieb@lmrp.co.za of 012 9409122.

CLUB STREAM
ONDERSTEUNERKLUB

BIED TROTS AAN

# FONDSINSAMELING
## 🎾 PADELTOERNOOI

MIDSTREAM PADEL CLUB

MERK **21** AUG 2026

VRYDAG · 21 AUGUSTUS 2026

📍 MIDSTREAM PADEL CLUB 🎾

## TOERNOOI BESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| Americano<br>FORMAAT | 72 Spelers<br>TOTALE DEELNEMERS |
| 3 Kategorieë<br>24 SPELERS ELK | 3 Bane<br>IN SPEL |
| 8 Rondes<br>10 MIN ELK · ROTASIE ELKE RONDE | Top 4<br>VORDER NA EINDRONDES |

± 5 Ure
TOTALE TOERNOOI TYD

**Kry jou padelmaatjie en hou die datum oop —**
**meer besonderhede binnekort beskikbaar!**

FACEBOOK
Clubstream Midstream

INSTAGRAM
@clubstream__midstream

WEBWERF
www.clubstream.co.za

MIDSTREAM SKOLE SE ONDERSTEUNERKLUB

# BELANGRIKE SKOOLSKAKELS

| | | |
|---|---|---|
| **Kalender** | | Die algemene skoolkalender vir die jaar - dit word met elke nuusbrief opgedateer. |
| **Sportkalender Kwartaal 2** | | Die sportkalender is "lewendig" en word dus daagliks aangepas. Dit kan in die *DOCUMENTS FOLDER* in die Edana-toepassing gevind word. |
| **Nasorgsentrum** | @RakkerCare | Hoe om u kind by die nasorgsentrum in te skryf |
| **LMRP Aksie-fotos** | | Ouers is welkom, en word aangemoedig om aksie-foto's van enige skoolgeleenthede en byeenkomste aan ons d.m.v. dié skakel te stuur. |
| **Edana** | | Hoe om die toepassing af te laai en te installeer |
| | | Hoe om jou fooninstellings aan te pas om kennisgewings op jou foon te ontvang |
| ***Google Classroom*** | | Hoe om *Google Classroom* op u slimfoon af te laai en te installeer |
| | | Hoe om *Google Classroom* op u rekenaar af te laai |
| **Sosiale Media Toestemming** | | Voltooi asb. dié vorm rakende sosiale media. |
| ***Facebook*** | | Volg ons op *Facebook*. |
| ***Instagram*** | | Volg ons op *Instagram*. |
| **Opdateer van Mediese Rekords** | | Dit is baie belangrik dat ons van alle leerders opgedateerde mediese rekords hou. Pas asb. dié inligting soos nodig aan. |